STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

25 FEBRUARIE 2018

GEMEENTEBULLETIN

OGGENDDIENSTE

Wat is my verantwoordelikheid?

Romeine 12

JEUGDIENS

God van vriendskap

Johannes 15:15

DEUROFFER

Jan Kriel Instituut

580 kinders van graad R tot 12 met verskeie gestremdhede o.a. disleksie, epilepsie, chroniese siektes, en spesiale leerbehoeftes word by die instituut onderrig. Leef hulle leuse saam met hulle – *Gee 'n Kind 'n Kans.*

			25 Februarie		4 Maart	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Visagie	5	Dr. Hanekom	1
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Breytenbach	7	Ds. Breytenbach	8
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Philipp Dietmann	-
09:00	Grootsaal	Blokdiens	Geen diens	-	Ds. Visagie	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Duvenhage	-	Ds. Kotze	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Visagie	11	Ds. Breytenbach	12

DIE KUIERBASAAR VRYDAG 2 MAART

Help asseblief met die volgende:

- **40 x Helpers** word benodig. SMS vir Christine by 082 353 9917 / stuur 'n e-pos na christinemorsbach@gmail.com indien jy kan help.
- **Offertafel**. Skenk asb. enige gebak (koek, terte, beskuit, klein koekies), of eetgoed (pasteie, lekkers, konfyte, ens.). Gee asb. jou produkte met verkooppryse op in die grootsaal af op Vrydag 2 Maart vanaf 12:00.
- **Stalletjies**. Lidmate word uitgenooi om eetgoed, handware of stokperdjies uit te stal en te koop aan te bied. Besprekings by sanel@stellenberg.co.za
- **Wit Olifanttafel.** Gee bydraes asseblief by die kerkkantoor af.
- **Poeding.** Ons kort nog poedings. Kontak Hannelie Honey by hannelie.honey@gmail.com indien jy 'n poeding kan skenk.

Kom koop: Boereworsrolle @ R18 / Hamburgers @ R25 / Kerrie-en-rys @ R45 / Pannekoek @ R7 / Potjiekos @ R45 / Poeding @ R10 / Roosterkoeke @ R12 en R17 / Jaffles @ R20 en R25 / Vetkoek @ R10 en R15 / Tee, koffie, koeldrank, wyn en bier.

Lasertag vir kinders @ R25 elk - dis groot pret, kom neem deel.

JEUGDAGBOEK

- JEUGDIENS begin 18:00 met kleingroepe wat daaruit vloei.
- SENIOR KLEINGROEPLEIERS ontmoet om 17:30 in groepe.
- ANNIBRAND KLEINGROEPE vir jong volwassenes kom op Woensdae 18:30 bymekaar, kontak jeugkantoor vir meer info.
- STUDENTE EN JONG WERKENDES (BLISS) word uitgenooi om Sondag 16:45 in die jeuglokaal bymekaar te kom.
- DELFT-uitreik: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.
- JEUG APP gaan na *Google Play* of *Apple Store,* soek "Stellenberg" en laai af.

DELFT

Ons benodig dringend een of twee bussiedrywers wat elke Donderdagmiddag 'n bussie met tieners na die Delft sopkombuis kan bestuur. Die bussie vertrek direk na skool ongeveer 14:30 vanaf Hoërskool Stellenberg. Jy hoef nie 'n PDP lisensie te hê nie. Kontak asb. vir Sunet by sunet@stellenberg.co.za / 021 975 1044 indien jy kan help. Dit is 'n wonderlike geleentheid om ons energieke tieners van naderby te leer ken.

NUWE LERAAR

Ds. Pieter Roeloffse van NG Kerk Prins Alfred Hamlet is na die gemeente beroep. Die amptelike beroepingsbrief is op Woensdag 14 Februarie aan ds. Roeloffse oorhandig. Hy het twee weke tyd om die beroep te aanvaar of te bedank.

TIENDEMAANDINSAMELING

Die Tiendemaandinsameling staan tans op R1 445 225 teenoor die R1 963 400 van 2016/17 boekjaar. Bydraes tot die spesifieke insameling kan nog tot einde Februarie gemaak word.

ABSA, Tjekrekening, 145 058 0011, Takkode 632005

JEUGKLEINGROEPE LOKALE

Graad 1: Kleinsaal
Graad 2 &3: Grootsaal
Graad 4: Bo-vertrek
Graad 5-6: Kerk
Graad 7: Jeuglokaal
Graad 8: Grootsaal
Graad 9: Jeuglokaal
Graad 10: Kerk
Graad 11: Kleinsaal

STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za

POPPE

Die Elsiesrivier Care Centre benodig tweedehandse poppe vir kinders om mee te speel. Gee bydraes by die kerk-kantoor af.

WÊRELDBIDDAG VIR VROUE 1 MRT 19:00

Ds. Nioma Venter, Predikant in Sinodale Diens: Diaconia is die spreker by ons Wêreldbiddag vir Vroue op Donderdagaand 1 Maart om 19:00 in die kerk. Sy is 'n opgeleide maatskaplike werker en was voorheen predikant in Prieska en Worcester.

KOSPROJEK INSAMELING

Die volgende insameling is op 27 Februarie. Gee bydraes van nie-bederfbare kosprodukte asb. by die kerkkantoor af voor of op 27 Februarie.

KUIER SAAM IN VOSBURG

Die Vosburg-komitee besoek Vosburg vanaf 27 April tot 1 Mei. Ons wil graag 'n uitgebreide gemeentegroep saamneem en nooi enige een om saam te gaan. Ons woon Vosburg se jaarlikse basaar Saterdagoggend by asook die kerkdiens op die Sondag. 'n Gedeelte van die naweek kan bygewoon word en saamry geleenthede sal gekoördineer word. Kontak Christine Ferreira (083 440 2086) om die nodige reëlings te tref.

VATVYF

7 Maart: Uitstappie na Koeberg. Die groep besoek die Koeberg kragsentrale. Ons gaan 'n praatjie oor kernkrag bywoon en sal die interaktiewe sentrum op die terrein besoek met uitstallings oor al Eskom se kragstasies en onder meer inligting kry oor hoe ongebruikte kernbrandstof gebruik word en hoe turbines werk. Koste R20. Bussies vertrek om 08:30 vanaf die kerk en behoort teen 12:30 terug te wees. Bespreek by Karin teen Vrydag 2 Maart. 021 976 4519. Geen laat besprekings kan aanvaar word nie, die name moet vooraf aan Koeberg deurgegee word.

19 Maart: Uitstappie na D'Aria. Kom kuier saam vir 'n heerlike bederf oggend met Sonja Heroldt by D'Aria. Koffie/tee/sap en verversings ingesluit. Besprekings het reeds gesluit. Koste R75 per persoon. Gee 'n aanduiding of jy van kerkvervoer gebruik wil maak. Bussies vertrek vanaf die kerk om 09:30.

EDELWEISS BYBELSTUDIE

1 Maart om 15:00 en 15:45

Job no. 10 uit Job 28 tot 31 : Job worstel met God. . .

Huisbyeenkoms Sondag
25 Februarie om 18:00
Johannes 1: 1-18

Jesus sit genade naby ons neer

KANTOORURE VIR FINANSIëLE KANTOOR

Maandae 11:00 tot 13:00 en ander weeksdae 09:00 tot 13:00.

BREIGROEP

Ons kom weer op 5 Maart om 09:30 in die kafeteria bymekaar. Bring gerus 'n vriendin saam. Kontak Ria McMicken by 083 519 0602.

KLEINGROEPE

Indien jy belangstel om by 'n kleingroep (gesinsgroep, gebedsgroep, groep vir afgetredenes / jongmense) in die gemeente in te skakel, stuur 'n e-pos aan navrae@stellenberg.co.za

FOKUSPROGRAM - 11 FEB TOT 26 MRT

Week 1 tot 6 (11 Feb - 24 Mrt)

- Woon sewe eredienste op Sondae by.
- Woon vir ses weke studiegeleenthede in kleingroepe by, of grootgroepbyeenkomste op Donderdae om 10:00 en 19:00 (kleinsaal), of werk die materiaal op jou eie deur.

Die Groot Lydensweekprogram (25 Mrt - 1 Apr)

- Sondag 25 Mrt 09:00, kerk - Alle oggenddienste smelt saam om Jesus se laaste dae in Jerusalem, voor sy kruisiging, te herdenk.
- Maandag 26 Mrt 19:00, kerk - Francois Wessel kom vertel meer oor die Joodse Paasfees en die betekenis daarvan vir Christene vandag.
- Dinsdag 27 Mrt 19:00, kerk - 'n Meditatiewe diens.
- Woensdag 28 Mrt 19:00, kerk - Neil Buchner met sang en getuienis.
- Donderdag 29 Mrt 19:00, kerk - Ons vier die instelling van die nagmaal.
- Vrydag 30 Mrt 09:00, kerk - Goeie Vrydag
- Sondag 1 Apr, kerk - Opstandingsdiens om 06:15 en 'n Paasdiens om 09:00.

FEESMARK 2018

Aansoekvorms vir die 2018 Feesmark is nou op die webwerf (www.stellenberg.co.za) beskikbaar.

OPWASSER

Ons is op soek na 'n betroubare huishulp wat naby die kerk woon en bereid is om Sondae oggende teen vergoeding met die opwas van skottelgoed behulpsaam te wees. Kontak Sanèl by 021 976 4519.

GEBEDSGROEP

Dinsdagaand om 19:00 in die gebedskamer. Gebedsversoeke kan via die webwerf www.stellenberg.co.za/gebedsgroep aan die groep gestuur word.

Daar is ook elke Maandag om 09:15 'n vrouebiduur in die gebedskamer.

Almal is welkom.

SNAPSCAN KODE

ALTA DU TOIT NASORG

Bied aan:

Sonskynfees op 3 Maart vanaf 10:00 tot 22:00 by Hillcrest Quarry. Kunstenaars soos Steve Hofmeyer, Die Broers en Emo Adams tree op.

Kaartjies te koop by Computicket.